



**NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD, GEHOU IN DIE MALMESBURY BANKETSAAL OP DONDERDAG, 25 JULIE 2019 OM 10:00**

---

**TEENWOORDIG:**

Speaker, rdl M A Rangasamy

Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen

Uitvoerende Onderburgemeester, rdd M S I Goliath

Bekebu, Z (ANC)

Bess, D G (DA)

Daniels, C (DA)

De Beer, J M (DA)

Humphreys, F S (ANC)

Maart, E S M (DA)

Mfutwana, L E (EFF)

O'Kennedy, E C (DA)

Papers, C H (DA)

Penxa, B J (ANC)

Philander, D B (ANC)

Smit, N (DA)

Sneewe, A M (ANC)

Solomons, P E (DA)

Stanley, B J (DA)

Stemele, O M (DA)

Van der Westhuizen, R F (DA)

Van Zyl, M (DA)

Zatu, N S (ANC)

Beampes:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz

Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit

Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann

Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton

Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys

Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche

Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger

Komiteebeampte, me S A Kulsen

**1. OPENING**

Die Speaker verwelkom die Uitvoerende Burgemeester, die Uitvoerende Onderburgemeester, raadslede, amptenare en die media.

Die Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger, open die vergadering met skriflesing en gebed op versoek van die Speaker.

Die Speaker dra sy gelukwense oor aan raadslede wat die afgelope tyd verjaar het.

**2. VERLOF TOT AFWESIGHEID**

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdl V D McQuire.

**3. AFVAARDIGINGS/VERKLARINGS EN MEDEDELINGS/VOORLEGGINGS**

**3.1 AFLEGGING VAN EED DEUR RDL E C O'KENNEDY**

[Saamgelees met item 7.1.]

Rdl E C O'Kennedy is op 4 Julie 2019 deur die Onafhanklike Verkiesingskommissie as raadslid van die Swartland Munisipale Raad in die plek van mnr C B Fortuin aangewys. Die Speaker rig 'n spesiale woord van verwelkoming aan rdl O'Kennedy en versoek lg. om die eed af te lê.

Die Uitvoerende Burgemeester verwelkom rdl O'Kennedy en bevestig die raadskomitees waarop rdl O'Kennedy sal dien.

3.1/...

Die Munisipale Bestuurder reël vir die ondertekening van die eed deur rdl O’Kennedy en verwelkom haar namens die administrasie.

### **BESLUIT**

- (a) Dat die Raad kennis neem van
- (i) die bedanking van raadslid C B Fortuin met ingang van 7 Junie 2019;
  - (ii) die wetlike prosedures waaraan voldoen is met die vulling van die proporsionele setel van die DA in die Raad wat vakant gelaat is met die bedanking van rdl Fortuin;
  - (iii) die verkiesing van raadslid E C O’Kennedy soos bevestig deur die OVK op 4 Julie 2019;

### **BESLUIT VERDER**

- (b) Dat kennis geneem word van die aflegging van die eed deur rdl E C O’Kennedy;
- (c) Dat rdl O’Kennedy as volg aangewys word op die Portefeulje- en ander komitees van die Raad in die plek van mnr C B Fortuin –
- (1) Portefeuljekomitee: Munisipale Bestuur, Administrasie en Finansies
  - (2) Portefeuljekomitee: Ontwikkelingsdienste
  - (3) Munisipale Publieke Verantwoordbaarheidskomitee (MPAC) (gewone lid)
  - (4) Begrotingsbeheerkomitee (addisionele lid)
  - (5) Begrafnisondernemingsforum
- (d) Dat die voorsitterskap van die Munisipale Publieke Verantwoordbaarheidskomitee (MPAC) by wyse van ‘n mosie by ‘n volgende raadsvergadering oorweeg sal word.

## **4. NOTULES VIR BEKRAGTIGING**

### **4.1 NOTULE VAN ‘N GEWONE RAADSVERGADERING GEHOU 30 MEI 2019**

#### **BESLUIT**

(op voorstel van rdh T van Essen, geseondeer deur rdh R F van der Westhuizen)

Dat die notule van ‘n Gewone Raadsvergadering gehou op 30 Mei 2019 goedgekeur en deur die Speaker onderteken word, onderhewig aan die volgende regstellings:

#### **ITEM 7.3: WYSIGING VAN DIE 2017-2022 GEÏNTEGREERDE ONTWIKKELINGSPLAN**

paragraaf 3 van die aanhef: Rdl D B Philander ... tydraamwerk vir bereiking van doelwitte teen 2030 (in plaas van 3030) van die Nasionale Ontwikkelingsplan (NDP) ...

paragraaf 5 van die aanhef: Die aangeleentheid ... (in die afwesigheid van een raadslid (in plaas van raadslede) ...

**ITEM 7.4: GOEDKEURING VAN DIE MEERJARIGE KAPITAAL- EN BEDRYFS-BEGROTINGS, GEWYSIGDE BEGROTINGSVERWANTE BELEIDE, VERORDENING(E), EIENDOMSBELASTING, TARIEWE EN ANDER HEFFINGS VIR 2019/2020, 2020/2021 EN 2021/2022**

Paragraaf 2 van die aanhef: skrap die woord voortaan.

## **5. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER**

### **BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die Uitvoerende Burgemeester se besluite ingevolge gedelegeerde bevoegdheid, soos vervat in die onderstaande notule:

### **5.1 NOTULE VAN ‘N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU 22 MEI 2019**

## 6. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE MUNISIPALE BESTUURDER

### BESLUIT

Dat kennis geneem word van die Munisipale Bestuurder se besluite ingevolge gedelegeerde bevoegdheid, soos vervat in die onderstaande notules:

- 6.1 **NOTULE VAN 'N SPESIALE VERGADERING VAN DIE BODBEOORDELINGSKOMITEE GEHOU OP 9 MEI 2019**
- 6.2 **NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE BODBEOORDELINGSKOMITEE GEHOU OP 10 MEI 2019**
- 6.3 **NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE BODBEOORDELINGSKOMITEE GEHOU OP 6 JUNIE 2019**

## 7. SAKE VIR BESPREKING

- 7.1 **(1) BEDANKING AS RAADSLID: MNR C B FORTUIN; (2) AANWYS VAN NUWE RAADSLID: ME E C O'KENNEDY (17/17/3/2/4)**

[Item 3.1 verwys.]

- 7.2 **NERSA GOEDKEURING VAN ELEKTRISITEITSTARIEWE VIR 2019/2020 (16/2/1/2/1)**

Die voorgestelde elektrisiteitstariewe is op 28 Mei 2019 aan NERSA voorgelê vir goedkeuring. Gebaseer op die verhoging van 15.63% deur Eskom aan munisipaliteite het NERSA 'n riglyn verhoging van 13.07% bepaal en ook ander riglyne ten opsigte van spesifieke tariewe en kategorieë.

Die Speaker bring die aangeleentheid tot stemming en word dit beslis (in die afwesigheid van een raadslid) met 15 raadslede ten gunste daarvan en die res van die raadslede wat buite stemming bly.

### BESLUIT

(op voorstel van rdl E S M Maart, gesekondeer deur rdh B J Stanley)

- (a) Dat kennis geneem word van die goedkeuring van die elektrisiteitstariewe deur NERSA;
- (b) Dat die volgende verlaagde tariewe soos vasgestel deur NERSA vir 2019/2020 goedgekeur word vir implementering met ingang van 1 Julie 2019:

Tarief	NERSA Verhoging toegestaan	Tarief per kWh goedgekeur deur NERSA
4. Kommersieël alternatief <15A	12.96%	R2.3016
8. Kommersieël voorafbetaal	12.90%	R2.3016

- 7.3 **VOORLEGGING VAN KONSEP WYSIGING VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALITEIT: VERORDENING INSAKE MUNISIPALE GRONDGEBRUIK-BEPLANNING (PK 7741 GEDATEER 3 MAART 2017) (1/1)**

Die nasionale (SPLUMA) en provinsiale (LUPA) beplanningswetgewing dien as basis vir die verordeninge van plaaslike owerhede. Sedert die implementering van vermelde wetgewing met ingang van 1 Julie 2015 is daar wysigings aangebring om 'n mate van standardisering vir plaaslike owerhede te bewerkstellig.

Dit is dus noodsaaklik dat Swartland Munisipaliteit die betrokke verordening binne die wetgewende raamwerk moet hersien. Na deeglike hersiening van die verordening deur die Afdeling: Beplanning in oorleg met die regs kundige, mnr Danie Nel, en 'n werkwinkel met raadslede op Vrydag, 12 Julie 2019 is die konsep wysigings aan die Swartland Munisipaliteit: Verordening insake Munisipale Grondgebruikbeplanning aangebring.

Die konsep/...

7.3/...

Die konsep verordening word deur die Speake tot stemming gebring en word beslis (in die afwesigheid van een raadslid) met 15 raadslede ten gunste daarvan en die res van die raadslede wat buite stemming bly.

**BESLUIT**

(op voorstel van rdd M van Zyl, gesekondeer deur rdl O M Stemele)

- (a) Dat die konsep Swartland Munisipaliteit: Verordening insake Munisipale Grondgebruikbeplanning aanvaar word;
- (b) Dat die konsep verordening vir publieke kommentaar geadverteer word in terme van artikel 12(3)(b) van die Stelselwet, 2000 in die plaaslike media sowel as op die munisipale webtuiste.

#### 7.4 **SWARTLAND MUNISIPALITEIT: KONSEP VERORDENING INSAKE VERFILMING (1/1)**

Die bestaande proses wat verfilming in die Swartland munisipale gebied magtig is omslagtig en tydrowend wat aanleiding daartoe mag gee dat geleenthede vir die Munisipaliteit verlore gaan of dat ongemagtigde verfilming plaasvind.

'n Bespreking volg dat die geleenthede wat die filmbedryf kan skep, om nie net werksgeleenthede te skep nie, maar ook vaardighede te ontwikkel en plaaslike kundigheid te benut, bevorder moet word.

Die Munisipale Bestuurder hou die doelwitte van die konsep verordening aan die Raad voor, en bevestig dat die Raad slegs 'n "omgewing" – ingevolge grondgebruik prosesse – kan skep waarbinne die aktiwiteite van die filmbedryf wettig uitgevoer kan word en nie enige ander vereistes mag stel nie, aangesien die filmbedryf *per se* nie 'n munisipale funksie is nie, maar wel die regulering daarvan.

Die doelwitte is as volg –

- (1) Die belangrike rol wat verfilming binne die Wes-Kaapse ekonomie speel te ondersteun;
- (2) Die reg op privaatheid en die reg op 'n veilige omgewing vir inwoners te beskerm;
- (3) Die verwerking van aansoeke vir verfilming te fasiliteer binne 'n tydraamwerk wat beide administratief en ekonomies voordelig is en ingevolge die bepalings van die Grondwet en ander wetgewing.

Die aanvaarding van die konsep verordeninge word by wyse van stemming beslis (in die afwesigheid van een raadslid) met 15 raadslede te gunste daarvan en die res van die raadslede wat buite stemming bly.

**BESLUIT**

(op voorstel van rdl P E Solomons, gesekondeer deur rdh B J Stanley)

- (a) Dat die konsep Swartland Munisipaliteit: Verordening insake Verfilming aanvaar word;
- (b) Dat die konsep verordening vir publieke kommentaar geadverteer word in terme van artikel 12(3)(b) van die Stelselwet, 2000 in die plaaslike media sowel as op die munisipale webtuiste;
- (c) Dat die voorlegging wat aan raadslede op 12 Julie 2019 tydens die werkwinkel beskikbaar gestel is, aan alle raadslede gesirkuleer word.

#### 7.5 **GOEDKEURING VAN DIE "MUNICIPAL COST CONTAINMENT POLICY" EN WYSIGINGS AAN DIE REIS-, AKKOMMODASIE- EN VERBLYFBELEID (5/1/B)**

Rdl J M de Beer stel voor (gesekondeer deur rdd M van Zyl) dat die item oorsaak om geleentheid te gee om die inhoud van die voorgestelde beleide met raadslede te werkwinkel, alvorens raadsgoedkeuring verleen word.

Die Munisipale Bestuurder bevestig dat die Regulasies bekend as die "Municipal Cost Containment Regulations, 2019" reeds met ingang van 1 Julie in werking getree het. Dit

7.5/...

is dus 'n wetlike vereistes waaraan onmiddellik voldoen moet word, ongeag of die Raad die geaffekteerde beleide goedkeur, al dan nie.

Die Munisipale Bestuurder bevestig verder dat die inhoud van die beleid hoofsaaklik ooreenstem met dié van die Regulasies.

Alhoewel SALGA van mening is dat die korrekte prosedures nie gevolg is met die afkondiging van die Regulasies nie, bevestig die Munisipale Bestuurder dat dit 'n wetlike vereiste bly tot tyd en wyl 'n uitspraak in hierdie verband verkry is. Daar is ook deur die Nasionale Tesourie onderneem om 'n omsendbrief uit te reik ten opsigte van die interpretasie van die "cost containment measures", maar moet daar intussen aan die Regulasies voldoen word.

Die Munisipale Bestuurder noem verder dat die Regulasies ook 'n impak het op ander beleide, bv. die Reis- en Verblyf beleid, die Voorsieningkanaalbestuursbeleid, die Oortydbeleid, ens. Die Munisipale Bestuurder verwys na die impak van die "cost containment measures" op telefoongebruik (grafieke gesirkuleer met die sakelys) wat in Maart 2016 deur die munisipale raad aanvaar is wat 'n positiewe uitkoms gehad het.

Die Uitvoerende Burgemeester noem dat dit belangrik is dat die Raad bewus gemaak moet word van die impak van die Regulasies op ander beleide, bv. raadslede wat ver reis om raadsvergaderings by te woon kan dit nie ag as amptelike kilometers nie.

Die Direkteur: Finansiële Dienste, ondersteun deur die Munisipale Bestuurder, noem dat dit belangrik is dat die Raad wel die beleid sal aanvaar en dat 'n werkwinkel gereël sal word sodra die omsendbrief vanaf die Nasionale Tesourier ter opheldering van die interpretasie van die Regulasies ontvang is.

[Rdl O M Stemele versoek namens die DA dat die vergadering vir 5 minute verdaag om geleentheid aan die DA-koukus te gee om die item te oorweeg.]

Die Speaker gee geleentheid vir rdl J M de Beer om die voorstel te onttrek en word –

#### **EENPARIG BESLUIT**

(op voorstel van rdl J M de Beer, gesekondeer deur rdl D B Philander)

- (a) Dat die "Municipal Cost Containment Policy" (Aanhangsel A) goedgekeur word vir implementering omrede dit 'n verskeidenheid van voordele vir die Munisipaliteit inhou, byvoorbeeld:
  - (i) Meer doeltreffende, effektiewe en ekonomiese benutting van munisipale hulpbronne;
  - (ii) Elimineer vermorsing van openbare hulpbronne op nie-dienslewering items; en
  - (iii) Meer doeltreffende, betroubare en koste-effektiewe dienslewering;
- (b) Dat toepaslike oorsigsmeganismes (Aanhangsel B) geïmplementeer word om kostebeperkingsmaatreëls te monitor ten einde te voldoen aan artikel 62(1)(a) en 78(1)(b) van die MFMA om te verseker dat redelike stappe gedoen word om openbare hulpbronne effektief, doeltreffend, ekonomies en in die beste belang van die plaaslike gemeenskap te benut;
- (c) Dat die wysigings aan die Reis-, akkommodasie- en verblyfbeleid (Aanhangsel C) goedgekeur word vir die belyning met die "Municipal Cost Containment Regulations";
- (d) Dat 'n werkwinkel gereël word om die impak van die Regulasies op alle ander beleide van die Raad te bespreek om enige gevolge van die Regulasies uit te klaar.

7.6/...

## 7.6 JAARVERSLAG: IMPLEMENTERING VAN DIE VOORSIENINGKANAAL-BESTUURSBELEID VIR DIE FINANSIËLE JAAR EINDIGEND 30 JUNIE 2019 (8/1/B/2)

Regulasie 6(2)(a)(i) van die *Municipal Supply Chain Management Regulations* bepaal dat daar jaarliks 'n verslag aan die Raad voorgelê moet word aangaande die implementering van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid.

Die jaarverslag vir die periode 1 Julie 2018 tot 30 Junie 2019 is met die sakelys gesirkuleer.

Die Munisipale Bestuurder, op versoek van die Speaker, hanteer die navrae deur rdl D B Philander aangaande die toekenning van informele en formele tenders, sowel as die afwykings wat ingevolge gedelegeerde bevoegdheid goedgekeur is.

Op 'n punt van orde deur die Uitvoerende Burgemeester ingevolge reël 44(2)(b) van die Verordening insake die Reëls vir die Hou van Vergaderings, versoek die Uitvoerende Burgemeester dat rdl D B Philander se gedrag aangespreek word.

Die Speaker bevestig, op voormelde, dat debatvoering in die raadsvergadering toegelaat sal word, maar dat rdl D B Philander gewaarsku word om neerhalende aanmerkings (bv. dat die pos van die Direkteur: Ontwikkelingsdienste pasgemaak is) en gedrag teenoor die administrasie gestaak moet word en dat enige diskriminerende aanmerkings nie geduld sal word nie.

Rdl Z Bekebu (ter verduideliking) noem dat die rol van die ANC as opposisie party is om die regerende party verantwoordbaar te hou.

### BESLUIT

(op voorstel van rdl P E Solomons, gesekondeer deur rdh R F van der Westhuizen)

- (a) Dat kennis geneem word van die Jaarverslag van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid se implementering ingevolge artikel 6(2)(a)(i) van die Regulasies, asook die verslae van die Formele Tenders (Aanhangsel A), Informele Tenders (Aanhangsel B) en die Afwykingsverslag (Aanhangsel C);
- (b) Dat verder kennis geneem word van die dienste gelewer vir die tydperk 1 April 2019 tot 30 Junie 2019 met verwysing na die uitsonderings waar dit onprakties was om die mark te toets en dus 'n afwyking van die verkrygingsprosesse ingevolge paragraaf 2(6) van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid genoodsaak het (Aanhangsel D).

## 7.7 KWARTAALVERSLAG (ARTIKEL 52 VAN MFMA): APRIL TOT JUNIE 2019 (7/1/2/2-2)

Die voorlegging van die kwartaalverslag aan die Raad word voorgeskryf deur artikel 52(d) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003 (MFMA).

Die Direkteur: Finansiële Dienste bevestig egter dat die inligting in die Artikel 52-kwartaalverslag slegs interim resultate is, aangesien finale resultate ten opsigte van die 2018/2019 finansiële jaar eers teen die einde van Augustus beskikbaar sal wees.

### BESLUIT

(op voorstel van rdl D G Bess, gesekondeer deur rdl N Smit)

Dat die Raad kennis neem van die aangehegte kwartaalverslag, soos voorgeskryf deur Artikel 52 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 ten opsigte van die implementering van die begroting sowel as die prestasie teenoor die topvlak dienslewering- en begrotingimplementeringsplan van die Munisipaliteit vir die periode 1 April 2019 tot 30 Junie 2019.

**GETEKEN:  
SPEAKER**